LAKOBOKNUUS

VERANTWOORDELIKHEID * OMGEE * EERLIKHEID * RESPEK * UITNEMENDHEID

Uit die kantoor

"Die waarde van die koelte lê in die warm son rondom dit." CJ Langenhoven

Genade, CJ Langenhoven was darem briljant. Dit is so eenvoudig en tog 'n diep manier om na als te kyk. Dit maak definitief sin as ons na 'n skooljaar kyk en hoe ons kinders binne dit grootmaak.

Die lekkerte van presteer, sukses behaal, groei en ontwikkeling op alle gebiede is soveel lekkerder juis omdat ons hard moet werk daarvoor. Kinders en hulle ouers vorm 'n span wat 'n skooljaar aanpak. Hulle deel take, toetse, sport ens. se aanpak. Saam deel hulle ook die vreugde van die vordering en sukses, dit bind hulle en vorm sterk bande.

Dit is juis dan die harde werk wat die soetheid van sukses so soet maak. Kom ons lei ons kinders in dít dié jaar sodat hulle die les kan leer van goed voel na harde werk.

Ons by die skool is opgewonde vir die jaar en al die geleenthede wat wag. Daar is 'n amper tasbare energie binne die skool wat wonderlik is om te ervaar.

My beste wense vir die jaar vir elke gesin. Kom ons dra mekaar deur en maak die jaar vir ons kinders spesiaal en een om te onthou!

Pieter de Bruyn

KARAKTERBOU

Hierdie jaar fokus ons op VERANTWOORDELIKHEID. In kwartaal 1 is die fokus binne verantwoordelikheid om ons eie klasse skoon te hou. Bokkies sien kans vir die uitdaging.

KARAKTERKAMPIOENE

Die afgelope twee weke het die volgende leerders uitgeblink in een of meer van die skool se kernwaardes.

Graad 1 - Bea Visagie omdat sy 'n gehoorsame dogter is.

Graad 2 - Marli Coetzee omdat sy verantwoordelik is.

Graad 3 - Ashchin Kotzé omdat hy 'n toegewyde leerder is.

Graad 4 - Mieke Smit omdat sy baie leergierig is.

Graad 5 - Eunique Cloete omdat sy hulpvaardig en vriendelik is.

Graad 6 - Lenay Sello omdat sy hard werk in die klas.

Graad 7 - Dinozzo van Huffel omdat hy baie hardwerkend is.

Ons is baie trots op elkeen van hulle!

NETBAL

Ons is bevoorreg om hierdie jaar `n netbalkliniek by die skool te kan hou. Die kliniek gaan fokus om die dogters se balvaardighede te verbeter, om diepte te skep en ook nuwe vaardighede te leer. Ons moedig regtig die dogters aan om dit by te woon.

Kostes vir beide dae beloop:

Gr. 1 tot 3 - R200 (2ure)

Gr. 4 tot 7 - R250 (3ure)

Reëlings van tye sal nader aan die tyd deurgegee word.

Die geld kan in die skool se rekening betaal word.

Verwysing bv. U kind se naam + Netbal.

Vir enige vra kan juf. Lize gekontak word.

ATLETIEK

Die Sone byeenkoms vind op 7 Februarie hier by ons skool plaas. Ons skool het 44 atlete wat aan die Sone byeenkoms gaan deelneem. Hierdie byeenkoms word nie deur ons gereël nie, ons verskaf net die fasiliteite.

Sodra inligting rondom die byeenkoms aan ons bekend is, sal ons dit dadelik aan ons ouers deurgee. Die atlete wat deurdring na die Witzenberg byeenkoms sal op 14 Februarie op Ceres gaan deelnaam.

VALENTYNSDAG

KBV MINI-KRIEKETDAG

Op Saterdag, 7 Maart hou ons, ons eie Mini-krieketdag! Ons verwag ongeveer 56 spanne vanaf so 14 skole. Kom ondersteun ons spanne, help ons in die snoepie en geniet die dag saam met ons!

MINI-KRIEKET WEDSTRYDDATUMS

- 7 Feb. Laerskool Worcester Oos (weg)
- 14 Feb. FD Conradie (weg)

KENMEKAAR

Op die 28ste Januarie het ons heerlik gesellig ná afloop van die oueraand gekuier. Baie dankie aan al die ouers en juf. Sumari wat gehelp het om hierdie funksie spesiaal te maak.

TENNIS

Ons skop ons seisoen af met 'n wedstryd teen Laerskool FD Conradie op Prins Alfred Hamlet met 48 spelers wat deelneem. Wat 'n lekkerte!

WELKOM BY ONS

Ons is opgewonde oor die nuwe personeellede wat hierdie jaar by ons aangesluit het:

- Anastacia Visagie - assistent
- Riana Isaacs - assistent
- Denver Muller - terrein personeel
- Erize van den Berg - Gr.6-opvoeder
- Chanté Willemse - assistent

Ons weet sommer julle sal baie gelukkig wees in ons skoolfamilie.

Ons sê ook baie welkom aan ons Graad 1-maats. Hulle lyk pragtig in hulle skoolklere.

PRE-GRAAD R

Ons ia baie opgewonde om hierdie maats van Februarie af vir 5 dae van die week by ons te hê.